Donderdag **12 September**
**Skrifgedeelte: Psalm 119:25-32**
**Fokusgedeelte: Psalm 119:32**
**Houvas in moeilike omstandighede**

In hierdie verse ervaar die Psalmskrywer 'n aantal moeilikhede. Hy is hartseer oor die feit dat hy aan aardse dinge gebonde is. Dat hy deur soveel slegte dinge op die aarde geraak word. Hierin getuig hy van die invloed van die goddelike Woord op 'n hart wat geraak is deur soveel negatiwiteit en hartseer. Die Woord van die Here roep by hom gebed op (vs 25-29). Dit bevestig die keuse wat hy gemaak het (vs 30). Dit werk geesdriftigheid om met ywer op die pad van die geloof te volhard. Die Woord is die bron van hulp waar jy geestelik of liggaamlik beproef word.

Bemoedigend dat die Psalmskrywer selfs in tye van nood entoesiasties bly oor die Woord. In alle omstandighede is die Bybel 'n houvas. Deur die Woord gee die Here leiding ondanks die omgewing waarin jy jou bevind. Daarom kan kinders van die Here van sy Woord geniet. Kan jy nie ophou om daarmee besig te bly nie. Wil jy deurlopend die Woord van die Here hoor. Verlang jy daarna om weer tyd te neem en te lees. Jy word wakker met die Here in jou gedagtes en met Hom raak jy aan die slaap. God is aanwesig en deur Christus nou betrokke in jou lewe. Met sy Woord word dit 'n realiteit.

'n Lewe saam met die Here word geken aan geloofsgroei. In navolging van Jesus Christus mag ons hierin deel. In vers 32 staan: "Die pad van u bevele volg ek geesdriftig, want U verruim my insig." In ons stryd teen die sonde, in ons deurstaan van die beproewing in ons lewens, word ons geloof soos goud gelouter. Daarin verruim die Here jou insig. Dan raak jy deur die liefde van God, wat jy deur Christus ontvang en deur die Gees mag uitleef, los van jou ek-gerigtheid en soek jy die wil van God.

Mag ons so groei in ons toewyding en dankbaarheid aan God.

*Sing: Psalm 119-1:10*

*Ds. GP (Gerben) Meijer (Waterkloofrand)*